

24 Oktober

**Skrifgedeelte: 2 Konings 17 (OAV)
Fokusgedeelte: 2 Konings 17:27-31**

Sendingwerk vra volharding

Hosea, die laaste koning van Israel, het ook gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here. Salmaneser, koning van Assirië, neem Samaria in en Hosea word sy dienaar en moet ook belasting betaal. Na 'n sekere tyd ontdek Salmaneser dat daar afvalligheid by Hosea is. Hy is met 'n sameswering besig en ontduik ook belasting. Hierna word Hosea gevang, in die tronk gestop en Israel word in ballingskap na Assirië weggevoer.

Hierna het die koning van Assirië die stede van Israel laat bewoon deur afgodsdienaars uit verskeie nasies. Toe stuur die Here leeus onder hulle in wat sommige doodgebyt het. Hulle kom toe met hul klagtes na die koning van Assirië en sê dat hulle nie die voorskrifte van die God van die land ken nie, daarom stuur Hy leeus onder hulle. Toe stuur die koning 'n priester wat in ballingskap was terug na die gebied van Israel om die heidense volkere te gaan leer hoe om die Here te dien. Hy moet dus gaan sendingwerk doen.

Dit was egter vergeefse moeite, want hulle het voortgegaan om hulle eie gode te maak en te dien.

Sendingwerk vra volharding. Die Satan bied hewig weerstand. Dit gee ons egter nie die reg om sendingwerk te staak nie. Christus se bevel om die evangelie aan alle volke, nasies en tale te verkondig staan nog steeds. Ken die huishulp wat by jou werk Jesus Christus as die enigste verlosser?

Sing: Psalm 68:1

Ds PA Smit (Emeritus)